Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
APRIL 2017
Bulletin
Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

SANDBAAI-PAAIE:
Wat om vir die volgende nege maande te verwag

Ondernemings en inwoners van Sandbaai moet hulself regmaak vir verkeersknope en die impak van die sluiting van sommige paaie in die gebied.

Werk het reeds begin en bouwerk sal na verwagting aan die einde van Oktober voltooi wees. Die padwerke sal in stadiums plaasvind (sien skedule hieronder).

Paaie wat geraak word is Bergsigstraat tussen Aloestraat en Argonstraat, Schulphoek-boulevard tussen die R43 en Adamstraat, Adamstraat en laastens die ingang langs die R43.

Volgens Dennis Hendriks, Senior Bestuurder: Ingenieursdienste, "Die volgende en finale fase van die 2017 herbouing van Sandbaai-paaie wat met die Sandbaai-winkelsentrum verband hou, het begin. Daar moet asseblief op gelet word dat die skedule slegs voorlopig is, aangesien weerstoestande en ander faktore die datums kan beïnvloed en dit is dus bloot 'n riglyn."

Inwoners aanliggend aan die betrokke paaie (Bergsigstraat en Oos-end-straat) sal ook gekontak en dienooreenkomstig ingelig word om enige sluitings en alternatiewe reëlings te bevestig. Wyk 7-raadslid, David Botha, het gesê, "Veranderinge sal so gou as moontlik met die inwoners en gebruikers van die betrokke paaie gekommunikeer word."

Rdl Botha het ook bevestig dat 'n deurgang van Sandbaai se hoofweg na Schulphoekweg vir omtrent nege maande nie moontlik sal wees nie, aangesien die straat in fases gebou sal word en toegang kan dus slegs verkry word soos aangedui.

Daar word versoek dat, waar moontlik, net inwoners en hul besoekers, en diegene met spesifieke besigheid in die gebied die genoemde paaie moet gebruik. Voetgangers sal egter te alle tye geakkommodeer word langs die strate wat gesluit is, maar word aangemoedig om te hou by die gemerkte paadjies en om gehoor te gee aan die aangestelde vlagmanne wat in die gegewe tydperk aan diens sal wees. Fietsryers sal ook toegang tot die gemelde paadjies hê, maar let asseblief daarop dat voetgangers te alle tye eerste toegangsreg sal hê.

• *Indien daar enige navrae in hierdie verband is, skakel gerus die ontwikkelaar se verteenwoordiger, Leon Louw, by 083 324 5928 of die munisipaliteit se Projekbestuurder, Dennis Hendriks, by 082 416 8676.*

Die voorlopige skedule wat deur die munisipaliteit en ontwikkelaar ooreengekom is, is soos volg:

STRAATGEDEELTE	DATUM VAN SLUITING	BEOOGDE VOLTOOING
Oos-end-straat vanaf Jimmy Smith-straat tot Endstraat Toegang uit Myrtlestraat	Donderdag 16 Maart	Dinsdag 18 April
Jimmy Smith-straat vanaf Schneider-straat tot Oos-end-straat **GEEN TOEGANG NIE - daar is geen huise langs hierdie gedeelte nie**	Donderdag 16 Maart	Donderdag 20 Apil
Bergsigstraat vanaf Schulphoekweg in 'n westelike rigting tot by Argonstraat Toegang uit Schulphoekweg en Adamstraat en Argonstraat tot by Aloestraat	Woensdag 1 Maart	Vrydag 30 April
Bergsigstraat vanaf Aloestraat in 'n westelike rigting tot by Bergzicht en Monte Maré se hekke Toegang tot Aloestraat uit Schulphoekweg langs Adamstraat en Argonstraat en Bergsigstraat	Woensdag 1 Maart	Vrydag 30 April

Talent, jeugontwikkeling en gemeenskapsbou die grootste wenners by Overstrand Sportfees 2017

Op die foto saam met die seëvierende krieketspan (heel agter links) is Ayanda Stali, Bestuurder: Sport en Ontspanning, (staande van links na regs) die Munisipale Bestuurder: Coenie Groenewald, lede van die Burgemeesterskomitee Rdl Riana de Coning, Rdl Andrew Komani, en Rdl Arnie Africa, Uitvoerende Onderburgemeester Rdh Dudley Coetzee, en (voor heel links) is Rdl Elnora Gillion.

Die Overstrand Sportfees het een van die hoogtepunte op die kalender van sportgeesdriftiges in die gebied geword, en hierdie jaar se byeenkoms het nie teleurgestel nie. Overstrand se munisipale raadslede, tesame met die Uitvoerende Burgemeester Rdh Rudolph Smith, amptenare, deelnemers en ondersteuners het Saterdag, 11 Maart 2017 by die Gansbaai *Spaces for Sport*-fasiliteit byeengekom om 'n dag van vriendelike mededinging in die kodes van netbal, rugby, sokker en krieket te geniet, met Overstrand Munisipaliteit as die gasheer.

Die immer gewilde toernooi het weereens 'n groot skare gelok wat 'n vol program aktiwiteite en 'n asemrowende vertoning deur Overstrand se belowende sportmanne- en vroue geniet het.

Die fees se opening was opwindend en vol energie met 'n verbymars deur die sportspanne, gelei deur die *Blompark Minstrels* wat die skare skouspelagtig vermaak het met hul begeesterde danspassies en lewendige karnivalmusiek.

Overstrand se Rdl Riana de Coning het die verrigtinge met 'n hartlike verwelkoming afgeskop, gevolg deur die amptelike openingstoespraak van Uitvoerende Onderburgemeester Rdh Dudley Coetzee wat gesê het: "Gebeure soos hierdie gee ons gemeenskappe die geleentheid om hul sporttalent te ontdek en te ontwikkel. Sport is 'n wonderlike instrument om mense bymekaar te bring en maatskaplike samehorigheid te bevorder."

So insiggewend soos dié stelling was, was dit Coetzee se geesdriftige blaas op 'n Vuvuzela om die begin van die spele aan te kondig wat 'n oorweldigende reaksie van die waarderende toeskouers gelok het.

Die sensasionele uitspeelwedstryde in die dag se finale rondte van kompetisie is beklemtoon deur ewe veel energie, volharding en merkwaardige vermoëns wat duidelik onder al die spanne te bespeur was.

Dit was geen verrassing toe 'n oorstelpte Hawston-span, vir die vyfde opeenvolgende jaar, weereens na vore getree het as die onbetwiste 'Konings van Krieket' nadat hulle Kleinmond Krieketklub met 'n boeiende oorwinning van 7 paaltjies op 'n afstand gehou het nie. Kleinmond het egter daarvoor vergoed deur in die langverwagte rugbybotsing vir Atlantics van Mount Pleasant met 'n eindtelling van 20-3 te klop.

Kleinmond is ook naelskraap ontsê van die kroon in die hoogs mededingende kategorie, Sokkerlegendes. Toeskouers was vasgenael toe Hermanus se Zwelihle Legends die strafdoelstryd met 'n telling van 8-7 gewen het.

Hermanus Netbalklub het ook die vlag hoog laat wapper toe hulle die netbaltrofee met 'n triomfantelike en oortuigende oorwinning van 40-24 ingepalm het; dit was ten spyte van Mount Pleasant se beste pogings.

Maar dit was Stanford se Young Tigers in die sokkereindstryd wat 'n einde gebring het aan Hermanus se trofeë met 'n indrukwekkende 3-1 oorwinning oor Gansbaai se *Peace Makers.* 'n Resultaat wat *Zwelihle Sweepers* ongelukkig met derde plek tevrede moes stel.

Met die verrigtinge wat tot 'n einde geloop het net voor die prysuitdeling, het Overstrand se Portefeuljehoof vir Gemeenskapsdienste, Rdl Andrew Komani, 'n diepgaande opmerking in sy slottoespraak gemaak, "Wat ons vandag hier gesien het, getuig van die daadwerklike pogings en fokus wat Overstrand op die ontwikkeling van ons gemeenskappe en veral die jeug plaas. Dit is dus gepas dat ons hierdie wonderlike talente met gepaste toekennings vier en vereer."

Teen dié agtergrond was dit veral bemoedigend om te sien dat erkenning vir uitsonderlike prestasie gegee word aan spelers soos Erika Hansen van Hermanus Netbalklub, Marchello Joemat van Kleinmond Rugbyklub, Phillip Oliphant van Hawston Krieketklub en 16-jarige wonder Bongani Mngeni van Stanford se *Young Tigers* wat die toekenning as Beste Speler in hul onderskeie kodes van netbal, rugby, krieket en sokker ontvang het.

OVERSTRAND TREE OP AS GASHEER VIR NA-SEISOEN-EVALUERING VAN OVERBERG SE DISTRIKSVEILIGHEIDSPLAN

"Ek wil hulde bring aan almal wat deelgeneem het aan die Distriksveiligheidsplan (DSP) wat op 1 Oktober 2016 in die Overberg van stapel gestuur is en tot 16 Januarie vanjaar geduur het. Julle gesamentlike pogings oor die tydperk het 'n beduidende afname in padsterftes in die gebied tot gevolg gehad, veral die geteikende topprioriteit-kategorieë van voetgangers en kinders."

Hierdie stelling is gemaak deur mnr Kenny Africa, Wes-Kaapse Verkeershoof en Programdirekteur, by die na-seisoen-evaluering van die DSP wat Vrydag, 27 Januarie 2017 deur die Munisipaliteit Overstrand by die banketsaal in Hermanus aangebied is.

Verteenwoordigers van die hoofrolspelers, d.w.s. die Overberg-munisipaliteite van Kaap Agulhas, Theewaterskloof en Overstrand, asook die SAPD se Overberg-kluster was teenwoordig by die geleentheid.

Die DSP is ontwerp met inagneming van alle sosio-ekonomiese faktore, regeringshulpbronne, asook die paaie self. Toepaslike wetstoepassingsagentskappe, insluitend die SAPD, Provinsiale Verkeersdienste en die drie munisipale verkeersdienste is geïntegreer. Daar is ook deur middel van massabemarking 'n daadwerklike poging aangewend om inligting te versprei en 'n sterk indruk te maak op openbare bewustheid en persepsie. Die vernuftige verkeerskenner, Daantjie Kat, het in hierdie verband 'n prominente rol gespeel in die DSP se aanvanklike sukses.

Die resultate vir Kwartaal 3: 2016/17 teenoor die gestelde teikens en Kwartaal 3: 2015/16 is soos volg:

Distriksveiligheidsplan Kwartaal 3 2016/17 (1 Okt - 31 Des 2016)	2015/16 Werklik	2016/17 Teiken	2016/17 Werklik	2019/20 Teiken
Alle sterftes	21	14	11	10
Voetgangers	5	3	2	0
Kinders 0 - 14	4	0	0	0

Ten spyte van die genoemde suksesse, het Africa uitgelig dat aansienlik meer werk gedoen moet word om die volgehoue doeltreffendheid van die DSP op die pad vorentoe te verseker. "Ons moet veral sterk klem lê op die feit dat drank en paaie nie saamgaan nie. Ons pogings, as dit reg toegepas word, sal daartoe lei dat padgebruikers hul gesindheid en gedrag verander en sal uiteindelik die doelwit van minder sterftes op ons paaie teweegbring," het Africa gesê.

Alternatiewe tot plastiek in die huis

Soos ons toenemend bewus raak van hoe sleg dit is om soveel plastiek in ons huise te hê, moet ons begin om die alternatiewe te oorweeg wat nou beskikbaar is.

As u oor die afgelope jaar ons insetsels oor omgewingsbewustheid in die Bulletin gelees het, gebruik u waarskynlik reeds minder enkel-gebruik-plastiek, soos plastiese strooitjies, plastiekbottels en plastiese inkopiesakke. Miskien dink u aan die volgende stap in 'n lewe wat minder plastiek bevat en wonder waar om te begin?

As ons net kyk na die toerusting wat vandag in ons kombuis is, veral die kookgereedskap en houers vir berging, is dit 'n goeie wegspringplek.

Mense besef nie altyd dat baie vorme van plastiek skadelike chemikalieë vrylaat in die kos of drank waarmee dit in kontak kom nie, veral teen hoë temperature soos dié wat in 'n mikrogolf, skottelgoedwasser of in 'n warm motor voorkom. Teen hierdie temperature kan 'n baie hoër persentasie chemikalieë van die plastiekhouer of -bottel oorgedra word en dit is waarom jy nooit vir 'n tweede keer wegneemkos in 'n polistireenhouer in 'n mikrogolf moet verhit nie. Hierdie chemikalieë kan Bisfenol A (BPA) en ftalate insluit, wat bekende hormoonontwrigters is wat senuweeskade kan veroorsaak, terwyl daar geglo word dat ander kankerwekkend is. Ongelukkig is diegene wat 'n risiko loop meer geneig om items soos plastiekkoppies en -bakkies te gebruik, byvoorbeeld jong kinders en swanger vroue.

Daarom is dit 'n goeie idee om stadig maar seker die plastiek in jou kombuis te begin vervang. Jy kan glas, keramiek of vlekvrye staal gebruik om jou kos in te bêre. Gebruik ou koffie- en grondboontjiebotter-glasflesse. Dis onnodig om baie geld te spandeer. Toenemend meer alternatiewe vir plastiek is nou beskikbaar, soos kookgereedskap van bamboes, vlekvrye staal of hout, keramiek-gevoerde braaipanne in plaas van Teflon, en kindertjies se bekers van vlekvrye staal of bamboes in plaas van plastiek. Gebruik ysbakkies van staal of silikoon, snyplanke van bamboes of hout, en glasbottels in plaas van plastiekbottels. Draai jou toebroodjies in waspapier of 'n doek toe en gebruik metaal-tiffin of Bento-bokse vir kinders se middagetes. Wegneemhouers van suikerriet in plaas van polistireen en wegneemeetgerei van bamboes is ook 'n uitstekende alternatief.

Jy hoef nie alles op een slag te doen nie, maar vir jou eie gesondheid en die gesondheid van ons kosbare planeet, moet jy dit oorweeg om geleidelik minder plastiek in jou huis te gebruik.

Overstrand stel 'n voorbeeld met uitwissing van plastieksakke

Overstrand se Bestuurder: Vaste Afval, Johan van Taak, het onlangs herbruikbare plastieksakke aan Overstrand Uitvoerende Burgemeester, Rudolph Smith, Uitvoerende Onderburgemeester, Dudley Coetzee, en Munisipale Bestuurder, Coenie Groenewald, oorhandig.

Die Munisipaliteit Overstrand bly verbind tot sy pogings om op 'n verantwoordelike wyse van afval ontslae te raak en om 'n plastiekvrye omgewing te skep. Gevolglik het Overstrand se Bestuurder van Vaste Afval, Johan van Taak, en Omgewingsbeampte Penelope Aplon op Dinsdag, 7 Maart 2017 'n voorlegging aan die Uitvoerende Bestuurspan (UBS) gedoen oor die gevare en negatiewe invloed van plastieksakke op die omgewing en die oseaan. Die oogmerk is om mettertyd ook 'n veldtog onder alle Overstrand-werknemers te loods met die oog om groter bewustheid te skep en te sorg dat hulle op hul beurt die hoofambassadeurs van die veldtog word.

Na afloop van die voorlegging het Van Taak en Aplon herbruikbare sakke (gemaak van duursame valskermmateriaal) aan Overstrand Uitvoerende Burgemeester, Rudolph Smith, die lede van sy Burgemeesterskomitee en die UBS oorhandig.

Teen hierdie agtergrond het Van Taak gesê, "Ons wil graag die Overstrand-gemeenskap aanmoedig om herbruikbare sakke te koop in plaas van gewone plastiese inkopiesakke. Sodoende sal die publiek ons aansienlik help met ons pogings in omgewingsbewaring en afvalbestuur.

"Dit is veral kommerwekkend dat daar elke jaar wêreldwyd 'n geskatte 4 miljard plastieksakke op die rommelhoop eindig. As dit van hoek tot kant vasgebind word, beteken dit dat hierdie sakke 63 keer om die aarde kan sirkel!"

'VROUE EN KINDERS EERSTE' Viering van die 165ste herdenking van die Birkenhead wat gesink het

'n Gedenkdiens word jaarliks op 25 en 26 Februarie in verskeie dorpe regoor die wêreld gehou om hulde te bring aan die oorlewendes en slagoffers van die Birkenhead-ramp.

In Gansbaai het die tweedae-gebeurtenis 'n kransleggingseremonie op Birkenhead Rock ingesluit, gevolg deur 'n klein gedenkseremonie ter see.

Overstrand Munisipaliteit se Onderburgemeester, Dudley Coetzee, het die gedenkrede gelewer en 'n krans gelê ter herinnering van diegene wat gesneuwel het.

In sy toespraak het die Onderburgemeester gesê, "Op hierdie dag 165 jaar gelede, 26 Februarie 1852 om 02:00, het die troepeskip HMS Birkenhead minder as 5 km van hierdie kus skipbreuk gely toe dit 'n rots tref wat net effens bo die water uitgesteek het. Toe die skip met 'n gapende gat in die romp van die rots skei, het water die voorste gedeelte gevul en meer as 100 troepe het in hul kwartiere verdrink.

"Ongeveer 10 minute later het die Birkenhead vir die tweede keer teen die rots gebots en haar onderste gedeelte is oopgeskeur. Daar was 643 mense aan boord en ten minste 450 lewens is in hierdie tragiese ramp verloor.

"Maar selfs hierdie baie donker wolk het 'n silwer randjie gehad wat 'n onuitwisbare merk gelaat het. Die *Birkenhead Drill* het tot stand gekom. Hierdie ramp het aanleiding gegee tot die beginsel van 'Vroue en Kinders Eerste'.

"Ons is vandag hier om Kaptein Robert Salmond, Lt Kol Alexander Seton en die bemanning te onthou wat dapper op 'n sinkende skip bly staan het terwyl vroue en kinders die eerste geleentheid gegee is om op die beperkte aantal reddingsvlotte te ontsnap.

"Selfs die nege kavallerieperde aan boord is bevry en in die see gedryf in die hoop dat hulle in staat sou wees om aan wal te swem, voordat daardie manne hul posisies verlaat het om hulself te probeer red. Volgens een getuie was almal tjoepstil, daar was geen geluid nie, behalwe die skop van die perde en die bevele van Salmond en Seton wat duidelik en kalm, sonder enige weifeling, gegee is. Die soldate het nie beweeg nie, selfs toe die skip skaars 20 minute nadat dit die rots getref het, opgebreek het. Sommige van die soldate kon daarin slaag om na die kus te swem, ander het aan stukke van die wrak vasgeklou om kop bo water te hou, maar die meeste van hulle het óf verdrink óf aan blootstelling gesterf.

"Vandag, as gevolg van hierdie hartseer gebeurtenis, word die *Birkenhead Drill* se beginsel van "vroue en kinders eerste" steeds toegepas. Alhoewel dit nooit deel van internasionale maritieme reg was nie, word dit nou beskou as 'n standaard ontruimingsprosedure tydens rampe ter see.

"Daar is 'n versreël in Rudyard Kipling se bekende gedig "Soldier an' Sailor Too", wat die moed van die Birkenhead se bemanning in hopelose omstandighede vasvang. Dit lui: *But to stand an' be still to the Birken'ead drill is a damn tough bullet to chew*."

• Die Danger Point-ligtoring is 43 jaar ná hierdie tragedie in 1896 opgerig om skepe van die gevaarlike rif te waarsku. Dit is 'n werkende aandenking vir die slagoffers en oorlewendes van die Birkenhead-ramp.

MOZART KWARTET

OAK

OVERSTRAND ARTS/KUNSTE sal Sondag, 23 April 2017 om 15:30 die MOZART KWARTET ENSEMBLE-konsert by die Ouditorium in Hermanus aanbied. Bekende Kaapse musikante Liesl Stoltz (fluit), Farida Bacharova (viool), Emile de Roubaix (altviool) en Kristiyan Chernev (tjello) sal werke deur Mozart, Hofmeyr, Reger, Jakob en Lobos opvoer.

Mozart Kwartet

Kontak BELLINI by 028 312 4988 om jou plek te bespreek.
Kaartjies kos R130 en R60 vir studente.
Kontak René du Plooy by 082 940 4238 vir navrae.